EK HET DIE SMID GESKAPE

Jesaja 54 : 1 – 3.
Jubel, onvrugbare, wat nie gebaar het nie en juig, jy wat geen wee gehad het nie! Want die kinders van die eensame is meer as die kinders van die getroude, sê die Here. Maak die plek van jou tent wyd, en laat hulle die doeke van jou tentwonings oopspan. Verhinder dit nie! Maak jou lyne lank en slaan jou penne styf in. Want jy sal regs en links uitbreek, en jou nageslag sal nasies in besit neem en verwoeste stede bevolk.

Jesaja 54 : 11 – 12.
Jy, ellendige, deur storm gejaagde, ongetrooste! Kyk, Ek lê jou stene in sierklei, en Ek grondves jou in saffiere; en jou borswerings maak Ek van robyne en jou poorte van karbonkels en jou hele ringmuur van edelgesteentes.

Somtyds dink ons, alles het teen ons gedraai. Jy kan nie verstaan hoekom laat God toe wat besig is om met jou te gebeur nie. Hoekom het die Here God my nie uit al hierdie dinge gered, voordat ek daarin beland het nie? Jy kry skaam omdat jou pyn so opsigtelik vir almal is.

God grondves sy fondamente met edelgesteentes van verskillende kleure (Openb 21:19-20; Jes 54:11). Aangeblaasde vuur het hierdie dinge geskape. God is nie tevrede met ‘n fondasie van sand of klei nie.

Wat jy besig is om te sien, wat jy hoor, wat jy sê en dit waarop jy staan moet deur vuur gelouter word (1 Pet 1:7). Hy sal niemand in die veld laat diens doen wat nie eers in Sy weermag opleiding ondergaan het nie. Die loutering met vuur is van toepassing op elkeen wat in Sy dienswerk staan.

Jesaja 54 : 14 – 17.
Deur geregtigheid sal jy bevestig word; wees ver van verdrukking, want jy hoef nie bevrees te wees nie; en ver van verskriking. Want dit sal nie by jou kom nie. As hulle ook die aanval begin – dit is nie uit My nie; want wie jou aanval, sal oor jou val. Kyk, Ek het die smid geskape wat die koolvuur aanblaas en ‘n wapen voortbring volgens sy ambag; ook het Ek die verderwer geskape om te verniel. Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van die Here en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek die Here.

Jy kan nie depresief, beangs of verward raak nie. want jy kan nie vrees nie (2 Tim 1:7). Jy mag moontlik in die moeilikheid beland en veragting ervaar, maar jy sal nie vrees, depresief of bedruk word nie. Jy is nie bang om deur die vuur te gaan nie (Dan 3:17).

Vuur maak dat ons ongemaklik voel en lyk. Ons hou nie van vuur nie. Ons probeer agter die masker wat ons dra wegkruip. God sal hierdie masker verwyder. God soek mense wat openlik met Hom sal wees. Hy soek na mense wat aan die aanlkaer sal sê: “Dit is wie ek is, of jy daarvan hou of nie.” Wanneer jy dit kan sê, kan die duiwel jou nie seermaak nie. Indien jy jouself voor God kan stel soos jy is, dan sal jy geen duiwel vrees nie. Want die duiwel kan nie jou masker afhaal nie, omdat daar geen masker is om af te haal nie. Die vuur het jou masker verbrand.

Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie (Jes 54:17) God het die smid geskape wat die koolvuur aanblaas (Jes 54:16). Jy het gedink dat dit die Duiwel was wat dinge in jou lewe omgekrap het, maar God is die Een wat daaroor toesig hou (Joh 19:11).

As ‘n jong seun, het ek by ‘n geleentheid verby die werkswinkel van ‘n grofsmid gestap. Oom Gert, die grofsmid, was ‘n baie groot man wat met die ou plaas gereedskap gewerk het. Dae wat dit nie baie warm of koud was nie het ons altyd by oom Gert se werkswinkel ingestap om te sien waarmee hy besig was. Dit was ‘n gesig om te

aanskou hoe gemaklik hy die swaar gereedskap hanteer het. Al die deure van die werkswinkel was winter of somer altyd oop, sodat daar lug sirkulasie kon wees as gevolg van die geweldige hitte binne in die werkswinkel. Hy was altyd papnat van die sweet.

Van tyd tot tyd het hy groot stukke hout en kole in die vuurerd gegooi wat in die middel van die werkswinkel gestaan het. Dit was altyd ‘n groot vuur wat hy gemaak het. Rooi warm. Hy het sulke lang swaar tange gebruik om die ysters in en uit die vuur mee te haal. Dan het hy nog ‘n blaasbalk met sy een voet getrap. “Oom Gert, wat maak oom as oom so trap?” vra ek.
“Ek trap die blaas balk en jaag die kole aan” sê hy.
“Hoekom jaag oom die kole aan” vra ek.
“Ek jaag die kole aan om die vuur nog warmer te maak. Indien die vuur nie warm genoeg is nie dan kan ek nie hierdie yster om die wa se wiel perfek laat pas nie. Die vuur moet warm genoeg wees, sodat die yster warm genoeg kan word, sodat ek dit presies die regte grote kan maak deur dit met verskillende hammers te slaan”.

Oom Gert steek een van die tange in die vuur, haal die ysterband uit en plaas dit op die aambeeld. Toe begin hy dit met ‘n hammer slaan.

Hy het so hard en aanhoudend geslaan dat ek gedink het, hierdie man is ‘n monster. Hy sal alles vernietig waaraan hy vat.

God is die Een wat die blaasbalk hanteer. Moenie glo nie, al jou probleme kom nie van die Duiwel af nie, wat rondloop soos ‘n brullende leeu.Hoor wat sê God: “Ek is die Een wat die blaasbalk hanteer en die koolvuur aanblaas” (Jes 54:16)

1 Korinthiers 10 : 13
Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek woord nie; maar Hy sal saam met elke versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra”.

Wanneer jy in Christus is , het jy ‘n veiligheids klep. God is in beheer van jou lewe. Die Here sal nie meer op jou plaas as wat jy kan hanteer nie (1 Kor 10:13). Hy het nie ‘n sagte, brose, fyn takkie nodig nie. Hy het ‘n groot, harde, masiewe boomstomp nodig. Hy wil jou nie sag hê nie. God wil nie ‘n stukkie tinfoelie of plastiek hê nie. Hy het ‘n stuk getemperde staal nodig.

Een van die fundamentele leerstukke van die kerk is die doop met vuur (Heb 6:2; Mat 3:11; Luk 3:16). Ons verstaan die water doop en die doping met die Heilige Gees. Johannes doop met water. Jesus doop met die Heilige Gees en met vuur.

Lukas 3 : 16 – 17
Johannes antwoord almal en sê: Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie – Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met vuur. Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring saambring in sy skuur, maar die kaf met onuitbluslike vuur verbrand.

Hy doop julle met die Heilige Gees en met vuur. Die blaasbalk is in God se hand. Hy skei die koring van die kaf en brand dit met ‘n onuitbluslike vuur. God maak die smid wat die vuur aanblaas. Hy weet hoeveel hitte is in jou lewe nodig om iets van jou te maak wat Hy tot sy eer kan gebruik. Hy sal nie meer vuur in jou lewe plaas as wat jy kan hanteer nie. Hy weet hoeveel vuur is nodig. Indien jy dit nie kan hanteer nie, sal God nie die vuur aanblaas nie. Hy vind dit nodig dat jy gebreek, stukkend en inmekaar gedruk word.

Die Duiwel kan jou nie seermaak nie, want dit is God wat die blaasbalk hanteer. Die Here maak dit so warm om daardie swak skakel in jou wapenrusting te verwyder. Hy weet net hoeveel en hoe warm die vuur moet wees om jou sterk te maak. Wanneer die

Duiwel jou op jou swak plek aanval met sy wapens, wag daar 'n verrassing op hom, want die Here het die swak plek alreeds versterk en hy kan jou niks doen nie. God is die Een wat die vuur aanblaas (Jes 45:16) en om van jou 'n bruikbare instrument in Sy hande te maak (Jes 41:16; Rom 6:13).

Geen ware leier, wat oorlog toe gaan, kan sy manskappe lei indien hy nie die tekens van oorlog in sy liggaam dra nie (Heb 2:10). Jy word nie 'n leier vanwee jou kennis nie. Mense volg leiers wat deur die bloed, stryd en vuur kom. Ons het leiers nodig wat weet hoe om ons seer te maak. God het nie 'n weermag nodig wat nie weet wat dit is om seer te kry en wat nog nooit op die slagveld was nie. Hy net nie soldate nodig wat nie weet hoe om 'n geweer te hanteer nie. God se weermag bestaan uit bloeiende, gewonde, seergemaakte mense wat genees is.

Ek Doop Julle Met Vuur

Lukas 3 : 15 – 17

En terwyl die volk in verwagting was, en almal in hulle hart oorweeg het aangaande Johannes of hy nie miskien die Christus was nie, antwoord Johannes hulle en sê: Ek doop julle wel met water, maar Hy kom wat sterker is as ek, wie se skoenriem ek nie waardig is om los te maak nie – Hy sal sulle doop met die Heilige Gees en met vuur. Sy skop is in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en sy koring saambring in sy skuur. Maar die kaf met onuitbluslike vuur verbrand.

Lukas 12 : 49 – 53

Ek het gekom om vuur op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was! Maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word, en hoe benoud word Ek totdat dit volbring is! Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te gee? Nee, sê Ek vir julle, maar eerder verdeeldheid. Want van nou af sal daar vyf in een huis verdeeld wees, drie teen twee en twee teen drie. Die vader sal verdeeld wees teen die seun en die seun teen die vader, die moeder teen die die dogter en die dogter teen die moeder, die skoonmoeder teen haar skoondogter en die skoondogter teen haar skoonmoeder.

LUKAS 4 : 1 – 2

En Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af, en is deur die Gees in die woestyn gelei, waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is; en Hy het niks ge-eet in die dae nie; en toe hulle verby was, het Hy naderhand honger geword.

Al die goed uitgewerkte programme en aktiwiteite sal nie mense tot bekering laat kom en maak dat die kerk groei nie. Sosiale aktiwiteite is goed om mekaar te leer ken, maar nutteloos vir die groei van die koninkryk van God. Aktiwiteite, programme, geboue en eiendomme kan nooit die plek van geestelike groei inneem nie.

'n Gemeente groei nie omdat hulle in 'n nuwe gebou ingetrek het nie of omdat daar nuwe mense bykom nie. Gemeente groei wanneer haar mense gebore word uit water en Gees. Ons word in die Liggaam gedoop deur die Gees.

1 Korinthiers 12 : 13

Want ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge.

1 Korinthiers 10 : 1 – 4

Want ek wil nie hê, broeders , dat julle nie sou weet nie dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see deurgegaan het, en almal in Moses gedoop is in die wolk en in die see, en almal dieselfde geestelike spys ge-eet het, en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit die geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.

Die Kerk van die lewende God is die moeder van die geloweges (Heb 12:22; Gal 4:26) God is die Vader wat lewe aan die Kerk gee. Ons is die seuns en dogters van God (1 Joh 3:1-2). Ons is wedergebore om diensbaar aan die

Here te wees (Rom 6:19) nie om buite die wet of geregtigheid van God te lewe nie.

Romeine 8 : 2 – 9
Want die wet van die Gees van die lewe in Christus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood. Want God het – wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees – deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees. Want die wat vleeslik is, bedink vleeslike dinge, maar die wat geestelik is, geestelike dinge. Want wat die vlees bedink, is die dood, maar wat die Gees bedink, is lewe en vrede, omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwep hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon.

Daar is sekere veronderstellings wat ons gemaak het. Ons verstaan die doping met die Heilige Gees (Matt 3:11; Mark 1:8;Luk 3:16; Joh 1:33; Hand 10:44-47; 11:15-16). Ons is uiteraard die mense wat die Heilge Gees ontvang het en ons verstaan die uitstorting daarvan (Hand 2:4) en die werking van die Heilige Gees (1 Kor 12:6). Mense in die kerk wat dit in die laaste paar maande of jare ontvang het vertel ons dat dit al baie jare is wat met die mens gebeur. Ons verstaan die doping met die Heilige Gees.

Maar die doping met vuur word nie so maklik verstaan nie. Daar is iets wat kortkom in ons Pinkster ondervinding. Ons preek ‘n boodskap wat ons nie leef nie. Ons praat oor die boek van Handelinge, maar ons doen nie die dinge wat daarin geskryf word nie. Ons praat van krag en oor wonders en tekens wat ons nie sien nie. Ja, daar is sporadiese gevalle van genesing en wonderwerke by tye, maar daar is nie ‘n konstante vloei van wonderwerkende aktiwiteite soos dit in die Skrif beskryf word as deel van die kerk van Christus en sy Liggaam nie.(Hand 3:7;5:5,10,15; 13:11; 14:3,10; 16:18; 19:11;20:10; 28:5,11).

Handeling 1 : 8
Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.

Daar is ‘n rede hoekom ons nie met krag toegerus is nie. Die King James vertaling se: “But ye shall receive power**, after** that the Holy Ghost is come upon you.” Die doping met die Heilige Gees is nie die laaste hek wat oop gegaan het tussen die aarde en die hemel nie. Dit is maar net die geboorte in ‘n lewe wat ons van heerlikheid tot heerlikheid (2 Kor 3:18) en van geloof tot geloof (1 Kor 10:15; 2 Thes 1:3) sal neem.

Hebreers 6 : 1 – 2
Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van ewige oordeel.

Ons het meer as net die doping met die Heilige Gees nodig. Ons het die doping met VUUR nodig.

Ons maak ‘n groot fout indien ons reken dat die opgewondenheid wat met die doping met die Heilige Gees gepaard gaan die doping met vuur is. Ons sê: “Dit brand hier binne-in my” Die doop met vuur is nie blydskap en opgewondenheid nie. Jesus sê: “Ek het gekom om vuur op die aarde te werp, en hoe wens Ek dat dit al aangesteek was.” (Luk 12:49) Hierdie vuur het alreeds gebrand want Jesus was daar. Dit het alreeds gebrand toe Jesus na die Fariseers gekyk en gesê het: “…want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid.” (Mat 23:25) Hy het hulle met vuur gebrand.

Mattheus 23 : 25 – 27
Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseers, geveinsdes, want julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binnekant is dit vol roof en onmatigheid. Blinde Fariseer, maak eers die binnekant van die beker en die skottel skoon, sodat ook die buitekant daarvan skoon kan word.

Markus 7 : 6
En Hy antwoord en sê vir hulle: Tereg het Jesaja oor julle, geveinsdes, geprofeteer soos geskrywe is: Hierdie volk eer My met die lippe, maar hulle hart is ver van My af.

Jesus het hulle met vuur gebrand en die vuur het aanhoudend gebrand totdat hulle Hom dood gemaak het (Hand 2:23) Maar deur Jesus dood te maak is die vuur geblus nie (Hand 5:28)

Mattheus 20 : 20 – 23
Toe kom die moeder van die seuns van Sebedeus met haar seuns na Hom en buig voor Hom neer om iets van Hom te vra. En Hy sê vir haar: Wat wil jy hê? Sy antwoord Hom: Sê dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk mag sit, een aan u regter- en een aan u linkerhand. Maar Jesus antwoord haar en sê: Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die beker drink wat Ek aanstons gaan drink, en gedoop word met die doop waarmee Ek gedoop word? Hulle sê vir Hom: Ons kan. En Hy sê vir hulle: Dis waar, my beker sal julle drink en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word maar om te sit aan my regter- en aan my linkerhand berus nie by My om te gee nie, maar is vir hulle vir wie dit deur my Vader berei is.

In ons geestelike lewe is daar meer as net die doping met die Heilige Gees. Ons het afsondering, toewyding en standvastgheid nodig om die lewe van God te besit. Die Heilige Gees doop ons in die Liggaam van Christus in. Wanneer ons daar is het ons die doop met vuur nodig.

Wat was die beker wat wat Jesus gedrink het en wat was die doop waarmee Hy gedoop is? Jesus het die beker in Getsemane gedrink. Die kruis was sy vuur doop.

Mattheus 26 : 36 – 42
Toe kom Jesus met hulle in 'n plek met die naam van Getsèmanè, en Hy sê vir die disssipels: Sit hier onderwyl Ek daar gaan bid. En Hy neem Petrus en die twee seuns van Sebedèus saam en begin bedroef en benoud woord. Toe sê Hy vir hulle: My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My. En Hy het 'n bietjie verder gegaan en op sy aangesig geval en gebid en gesê: My Vader, aas dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan; nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil. En HY kom by die dissipels en vind hulle aan die slaap, en Hy sê vir Petrus; So was julle dan nie in staat om een uur saam met My te waak nie? Waak en bid, dat julle nie inversoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak. Weer het Hy vir die tweede maal gaan bid en gesê: My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.

Hierdie beker was vol van die sondes van die wêreld (1 Joh 2:2) Elke sonde wat ooit deur iemand gedoen is vanaf die begin van die wêreld en elke sonde wat nog gedoen gaan word , was in daardie beker (Ps 75:8) Hierdie beker was tot op sy rand vol en die geregtigheid van God het vereis dat iets hiermee gedoen moes word. Jesus het toe daardie beker namens my en u gedrink.

Indien Jesus net die beker gedrink het en niks verder gedoen het nie, sou die mens vandag nog verlore en sonder redding gewees het. Toe Jesus die beker gedrink het, het Hy verantwoordelikheid vir die sonde van die wêreld aanvaar. Om net verantwoordelikheid te aanvaar neem nie die probleem weg nie. Maar deur verantwoordelikheid of aanspreeklikheid vir 'n rekening te aanvaar betaal nie die rekening nie. Jy moet nog gaan en die rekening betaal.

Toe Jesus die beker gedrink het, het Hy nie verlossing vir die wêreld gebring nie. Dit was maar net die erkenning dat Hy die sonde van die wêreld sou wegneem (Joh 1:29) Maar dit het die sonde nie weg geneem nie. Hy het hierdie ooreenkoms verseël deur die beker te drink. Toe gaan Hy na Golgota om die prys self te betaal. Dit is volbring het Jesus aan die kruis uitgeroep (Tetelistai, die prys is tenvolle betaal). Golgota was die doop met vuur.